

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD****Sondag 13 Mei 2012**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 146:1 & 8	Bl.700	Psalm 19:1 & 2	Bl.82
2.	Psalm 119:10 & 11	Bl.588	Skrifberyming 14-2	
3.	Skrifberyming 11-3:1, 3 & 5		Psalm 18:1	Bl.70
4.	Psalm 33:1 & 2	Bl.156		

**MARTELAARSGEBED**

Van 'n vrou in die VORKUTA-gevangenis in Siberië is die volgende gebed opgeteken:

“O God, wil tog ag gee op  
al my lyding,  
my vermoënis,  
my vernedering,  
my trans, my honger en koue  
en al die bitterheid van my siel.

Liewe Here, ontferm u oor hulle wat ons dag en nag vervolgt en martel.  
Skenk ook aan hulle die Goddelike genade om die heerlikheid en vreugde van u liefde te mag ken.

**BORG-'N-BYBEL**


Dink net - groot en klein kan nou sorg dat **een Bybel per gesin** die wêreld ingestuur word!

Hoe kan dit gedoen word?

Hier is die feite:

'n Standaard-Bybel kos **R52.00**. Ons gemeente het **153** besoekpunte. As ons tussen Mei en Oktober 'n bedrag van **R1352.00** per maand insamel (dit sorg vir **26** Bybels) kan ons hierdie mikpunt van **een Bybel per gesin** uit die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord teen 28 Oktober 2012 bereik. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat** een of meer Bybels borg. Hoe kan u betrokke raak?

U kan u BORG-'N-BYBEL-bydrae by u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskovertjie (beskikbaar by u ouderling) plaas.

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 13 Mei 2012

Nommer 14

**DIE KERK IS NET ANDERS**

Die kerk is nie 'n groep mense wat in die lug rond sweef en geen plek in die samelewing het nie. Die kerk staan viervoet in die daaglikse lewe maar verskil op alle gebiede van dit wat in die samelewing gebeur.

- Wat die kerklike lewe betref speel **kennis** 'n onmisbare rol soos in die daaglikse lewe ook. Geloofskennis is egter 'n “*vaste vertroue*” en nie laboratorium vol resultate nie.
- In die kerklike lewe is **taal** onontbeerlik. Maar **geloofstaal** het 'n ander inhoud as 'n heildronk-toespraak by 'n troue of 'n gelukwensing.
- **Sosiale verkeer** tussen lidmate van 'n gemeente is noodsaaklik. Maar **geloofsomgang** het 'n ander karakter as 'n geselligheid of 'n vleisbraai na 'n sportbyeenkoms.
- In die kerklike lewe word **geld** hanteer. Maar die dankbaarheidskarakter van geloofsgeld sal jou nie laat droom om **afslag** te vra nie.
- Binne die grense van die kerk word met **dissipline** opgetree. Maar die **liefdeskarakter** van geloofsdissipline en tug verskil van die strafmaatreëls van die howe of dié van 'n skeidsregter tydens 'n rugbywedstryd.
- Op kerklike terrein is daar ook **leiers**, maar hulle word **diensknegte** genoem omdat hulle in die diens van Christus staan waar boikotte en sloerstakings geen plek het nie.

Omdat die kerk die liggaam van Christus is, is daar al hierdie verskille. Ons moet weet die kerk is wel **in** die wêreld maar nie **van** die wêreld nie (Joh. 17). Omdat Jesus Christus die kerk, al God se uitverkore kinders verontrusting vrykoop het van die sonde kan hulle nie anders nie as om met hulle hele siel en al hulle kragte God te dien en te eer nie.

*Dr. Nico van der Merwe*

**2.**

## **SIMBAAL 13 Mei 2012**



### **PREKE VANDAG**



Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **BARMHARTIGHEID, ONTVANG EN BEWYS**

**Lees:** Matteus 5:3-12

**Teks:** Matteus 5:7

Ware barmhartigheid groei uit die barmhartigheid wat aan ons bewys is. Ek kan eers barmhartigheid aan ander bewys wanneer ek beseft dat barmhartigheid ook aan my bewys. Die liefde en genade van Christus verander my sodat ek nie meer na myself nie, maar na Hom kyk. Dit is eers wanneer ons baie ontvang het dat ons baie kan gee.



Aanddiens Tema: **DIE ONGEGRONDE SEËN VAN DIE HERE**

**Lees:** Genesis 27:1-33

**Teks:** Genesis 27:33

Die woorde van ander kan 'n geweldige groot uitwerking op 'n mens hê. Ons wil dit nie altyd glo nie, maar die dinge wat ons vir mense sê en wat hulle vir ons sê maak baie keer 'n blywende en vormende uitwerking op ons lewens.



### **HOE OUD IS JESUS DAN?**

Johannes 8:57 "Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien?"

Jesus sê vir die Fariseërs: "Voordat Abraham was, is Ek" (vs 58). Dit is vir die mense verstommend want almal weet dat Jesus nog nie eens 50 jaar is nie. Hulle weet egter nie dat die jare van die kalender en die almanak niks met Jesus se ouderdom te doen het nie. God het vir Moses gesê: "Ek is wat Ek is" (Eks.3:14). Jesus sê bykans dieselfde. Dit gaan hier om Christus as God. Hy en die Vader is een (Joh.10:30). As ons dit nie glo nie hoe kan ons enigiets anders glo wat Jesus gesê het. Hy is die ewige Seun van die Vader wat aarde toe sou kom om die liefde van die Vader aan sy uitverkore kinders te bewys. God het sy kinders so lief dat Hy sy Seun gestuur het om hulle sondeskuld aan die kruis te betaal (Joh. 3:16). Om te glo dat Christus die ewige Seun van God is in Wie die Vader verlossing van sondes en die ewige lewe gee is die belangrikste

ding in die ganse wêreld. Ek hoop hierdie werklikheid laat jou met nuwe dankbaarheid en nuwe entoesiasme na Jesus Christus kyk.

## **SIMBAAL 13 Mei 2012**

**7.**

### **55 PLUSERS-BYEENKOMS**

**Tema:** SOLDERSTORIES en KUIERKOS

**Datum:** Vrydagaand 25 Mei 2012

**Tyd:** 18h30

**Plek:** Kerksaal

**Bring saam:** 1 Bak tipiese Boerekos-gereg - vir 4 persone (Skakel Christa Snyman - 0837015498 - vir idees)

Eetgerei

Glas en drinkgoed

**Drag:** Uit Ouma en Oupa se klerekas

Almal wat hierdie gesellige aand wil bywoon, skryf asseblief jul name op die lyste in die portaal of konsistorie.=



### **SKOOLVERLATERSKAMP**

Tussen 8 en 13 Julie 2012 vind die *skoolverlaterskamp* te Nooitgedacht plaas.

Groei in jou geloof. Maak nuwe vriende.

Sterre. Natuurskoon. Kampvuur.

Ken die Here persoonlik: Hoekom?

Hoe?

Moet ek so 'n verhouding met God hê?

Koste: R600

Absabank: Rek. No. 1117900246

Skakel met: Paul Vogel.

☎ **084-440-2199**

✉ **paulkrugervogel@yahoo.com**

## Kinder en Jeugkonferensie 26-28 September 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n konferensie aan met die oog op toerusting van almal wat met kinders en jeugwerk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensie optree. Die konferensie sal bestaan uit verskeie gesamentlike sessies asook paralellesessies.

Van die sprekers wat sal optree is:

**Prof Malan Nel** - Hy het verskeie boeke geskryf oor jeugbediening o.a. oor geïntegreerde jeugbediening.

**Craig Groome** - 'n kenner op seksuele verslawing en die begeleiding uit hierdie verslawing.

**Dr Jan Grobbelaar**, skrywer van die boek Child Theology en jare lank betrokke by Petra College wat opleiding doen van kinderevangelisasiewerkers

**Marius Storm** wat kinderbediening doen in Nederland bied 'n werkswinkel aan oor kerkplanting deur kinderevangelisasie.

Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Daar sal ook verskeie werksinkels aangebied word.

Konferensiegangers sal vir hulle eie **huisvesting** verantwoordelik wees.

**Inskrywingsvorme** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word.

Ons versoek kerkrade om **predikante, kategete** en almal wat met die kinders en jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon.

Alle **Ouers** sal ook baie baat vind by die konferensie

Met dank

Prof. dr. Gert Breed

- ◆ **Leen net uit wat jy kan bekostig om te verloor.**
- ◆ **Om aan iets te werk sonder om vergoeding daarvoor te verwag is goed vir jou karakter.**
- ◆ **Slegs op die weë van God lê die seëninge van God.**
- ◆ **Haat vergiftig die hater meer as die gehate.**
- ◆ **Die Here maak sy kinders groot deur hulle klein te hou.**


- ◆ **Om alles te doen op sy tyd is die middel om tyd te hê om alles te doen.**



## SUSTERSVERGADERINGS

SUSTERSVERGADERINGS WOENSDAE - 2012	BESTUURSLID AAN DIENS VIR DIE MAAND
9 Mei	Marlene Lemmer
6 Junie	Elmarie Kruger
JULIE – geen vergadering	Isabel de Jager
1 Augustus	Marietjie van Aswegen
5 September	Sophia van der Merwe
10 Oktober	Magda van der Walt
7 November	Mariana Aucamp
DESEMBER – geen vergadering.	Kotie/Bets

## BYBELSTUDIEGROEPE



### SONDAG 20 Mei 2012

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit **Hebreërs**.

### WOENSDAG 23 Mei 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit **Lukas**.
- **18:00-19:00** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

## VRYWILLIGERS BENODIG



As u belangstel om op 'n gereelde basis **HOSPITAALBESOEK** te doen, meld asseblief aan by ds. André de Jager.

4

**SIMBAAL 13 Mei 2012**

**KOLLEKTES**

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
13 Mei	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
20 Mei	Barmhartigheid	Christelike Onderwys-ARSO
27 Mei	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
03 Junie	Barmhartigheid	Teologiese Studentekas



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 13 Mei tot Saterdag 19 Mei 2012

Sondag 13 Mei	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 13 Mei	Katkisasie les 11	10:30-11:00
Sondag 13 Mei	Aanddiens	18:00-19:00
Donderdag 17 Mei	Hemelvaart Erediens	18:00



**TEESKINKBEURTE**

Sondag 13 Mei 2012	Wyke 25 & 26
Sondag 20 Mei 2012	Wyke 27 & 28
Sondag 27 Mei 2012	Geen teeskink / Nagmaal
Sondag 03 Junie 2012	Wyke 03 & 04




**VERJAARDAE**

13 Mei 2012 tot 12 Mei 2012

14 Mei	<b>Hantie van Antwerp</b>	Wyk 17	<b>082-467-4907</b>
14 Mei	<b>Andries Grobler</b>	Wyk 19	<b>072-799-9782</b>
14 Mei	<b>Veronica Senekal</b>	Wyk 26	<b>018-468-1272</b>
14 Mei	<b>Anna Fourie</b>	Wyk 27	<b>083-555-4028</b>
16 Mei	<b>Stienie Havinga</b>	Wyk 03	<b>076-525-2264</b>

Elkeen van hierdie lidmate wat in die komende week verjaar: Van harte gelukgewens! Die gemeente bid julle die seën en bystand van die Here toe.

het kritiek op wie om hulle sit.  
Weer ander kerkgangers .....  
(en hulle is die beste)  
het kritiek op hulle eie lewe.



**SIMBAAL 13 Mei 2012**

5.

**HEMELVAARTDIENS**

Donderdag 17 Mei 2012 vind die *Hemelvaartdiens* onder toesig van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord plaas. Die diens begin om 18:00 by ons kerkgebou.



**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

**BEROEPE BEDANK**

- Ds TF Dreyer van Randburg na Potchefstroom-Die Bult as medeleraar.
- Ds TJ Potgieter van Port Elizabeth na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.



**CONNECT-AAND**

Sondagaand kom die Voetsoldate weer na die diens bymekaar om lekker saam te kuier. Meisies bring asseblief iets te ete saam en die seuns iets te

- ♦ Niks is eerbaar waar geregtigheid nie teenwoordig is nie
- ♦ Vroeër jare het die mense gepraat van "Wine, Women and Song." Deesdae is dit "Beer, the Old Lady and TV"
- ♦ 'n Boete is belasting vir verkeerd doen. Belasting is 'n boete vir goed doen.
- ♦ Ek dink pa gaan veel langer in die hospitaal bly! Hoekom? Het jy die dokter gesien. Nee, ek het die verpleegsters gesien.
- ♦ Geen man is ryk genoeg om sy verlede terug te koop nie.
- ♦ Die mense wat vir jou sê geld is nie alles nie het gewoonlik alles.
- ♦ 'n Vrou het twee mans nodig. Haar eie man en een om hom mee te vergelyk.
- ♦ Vroue is mooi en dwaas gemaak: mooi sodat die mans hulle kan liefkry; dwaas sodat hulle die mans kan liefkry.
- ♦ Vrede gegrond op vrees is niks anders as onderdrukte oorlog nie.

drinke. Soos altyd is almal welkom.

Ons gaan in die prediking so ietsie hoor van ouer en kind verhoudings dus  
ouers en kinders kom hoor dit ook.

